# Melkhoutfontein

## in die kollig

ETHNÉ SCHOLTZ
**Stilbaai Biblioteek**

Melkhoutfontein is 'n nedersetting 5km geleë vanaf die bekende vakansiedorp, Stilbaai. Oorspronklik was dit 'n groot leenplaas wat aan Bartholomias Saayman toegesê is in 1935. Vissermanne, wat om 'n deel vir die grondeienaars visgevang het, kon ook op hierdie plaas woon. Dit was eers vanaf 1992 dat Stilbaai se munisipaliteit verantwoordelikheid vir die administrasie van Melkhoutfontein aanvaar het. Die tradisionele vissermanshuisies is kenmerkend van dié plek en sy mense se ryk kultuur-historiese erfenis.

Op 2 Julie 1997 is 'n satellietbiblioteek met 'n vloeroppervlakte van 40m² geopen. Die gebruik van die depot het alle verwagtinge oortref en 1 484 boeke is gedurende die eerste maand in 'n tydsbestek van 18 uur uitgereik.

Mettertyd kon hierdie fasiliteit nie meer in die toenemende behoeftes van die gemeenskap voorsien nie. Hessequa Munisipaliteit het dié dringende behoefte aangespreek en fondse bewillig om 'n ekstra 54m² by die bestaande vloeroppervlakte te voeg.

Die biblioteek se deure is vir twee maande gesluit en die verbouings is onder leiding van Heinrich Hough, superintendent van Tegniese Dienste van die munisipaliteit voltooi. Op 25 Augustus 2006 is die biblioteek se deure vir die publiek heropen.

Tans word 'n diens op Maandae en Donderdae aan 168 kinders en 374 volwasse lede deur Gertie Lakay gelewer.

*Onder: Melkhoutfontein se satellietbiblioteek is 'n aanwins vir die gemeenskap*



*Links onder: Daniël September, inwoner van Melkhoutfontein, het tydens die openingsgeleentheid 'n pragtige gedig wat hyself geskryf het oor die gemeenskap en die biblioteek, voorgedra*

*Onder: Die gaste het ook mev E Kortjé se komiese vertolking van Peter Snyders se **Strandfontein** baie geniet*

*Regs onder: Gavin Geswind, administratiewe adviseur van Burgemeester Taute het die gaste toegespreek en die uiters belangrike rol wat biblioteke in 'n gemeenskap vervul, beklemtoon. Hy het 'n spesiale versoek aan ouers gerig om toe te sien dat hulle kinders hierdie fasiliteit gereeld gebruik*





